

12 September
7:14 -18

2 Konings 6:24-7:10,

Lewe soos wenners, nie soos verloorders nie

Wat sou u sê is die rede vir hierdie skokkende gebeurtenis?

'n Dorp wat beleër totdat die mense in die dorp later geen kos het om te eet nie. Al wat beskikbaar was, was die kop van 'n donkie vir 'n kilo-gram silwer en 'n skeppie duiwemis vir 57 gram silwer. En terwyl die koning deur die stad stap hoor hy dat mense hulle kinders begin eet.

Hoe moet ons hierdie verskriklike gebeurtenis verstaan?

Jy kan uit die volk (mens) se kant daarna kyk. Dan hoor jy 'n volk in nood wat deur die mond van 'n vrou sy nood uitskreeu en 'n koning wat sy hande in die lig gooi en na 'n sondebok vir sy volk se nood soek.

Of jy moet só daarna kyk: Die Here is aan die woord en Hy vra: "Hoe sien en dien julle My?"

Die koning (volk) sê: "Die Here kan nie help nie" (vers 6, 27). Hy verwyt die Here (vers 33). Dit is onmoontlik dat hier 'n oplossing kan kom!

En dan kom die Here en Hy wys Hy kan enige iets doen. Die Arameërs hoor geluide en almal vlug. Die Here laat 'n wonder gebeur, sonder dat Hy enige iemand se hulp nodig het Dit is 'n belangrike feit (vers 5-6 van hoofstuk 7).

Die Here kan enige iets doen.

Ons moet nie probeer om die Here se krag en vermoëns te beskryf nie. Dit is buite ons begrip. Maar die Here verwag van ons om te glo -Hy kan! Só te glo dat dit in ons eie optrede gesien kan word.

Baie Christene lyk of hulle in 'n verloorspan is terwyl alle Christene in God se wenspan is. Maar hulle lyk soos verloorders omdat hulle soos verloorders dink en leef. So 'n mens voel dan ook soos 'n verloorder en word so behandel.

Sing Psalm 119:7 Ds. JP.L. van der Walt (Rustenburg-Wes)